

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 162

(September 1981)

WIE REGEER?

Ek glo in Jesus Christus wat opgevaar het na die hemel, en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel die lewende en die dode.

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

WIE REGEER DIE WÊRELD?

Jy het seker ook al by die aanskouing van die snel opeenvolgende gebeure in die wêreld vir jouself gevra:

Wie sit agter alles?
Wie regeer nou eintlik die wêreld?
Wie beskik en bestuur alle dinge?

In dié verband sal ek graag 'n paar gedagtes met jou wil wissel.

SEDERT DIE SKEPPING.

Sedert die skepping is daar nog nooit so vinnig geskiedenis gemaak en geskrywe as in ons tyd nie. Ek en jy leef inderdaad in die spanningvolste tyd van die wêreldgeskiedenis.

Volgens God se Woord, die Bybel, is hierdie tyd die tyd *tussen die hemelvaart en die wederkoms* van Jesus Christus, die Seun van God. Hierdie tussentyd is die *eindtyd*, die tyd waarin Jesus Christus sit aan die regterhand van God vanwaar Hy alle dinge in die hemel en op die aarde regeer.

JESUS CHRISTUS SIT SY WERK VOORT.

Die feit dat Jesus Christus na die voltooiing van sy verlossingswerk opgevaar het na die hemel en gaan sit het aan die regterhand van God, beteken nie dat Hy Hom aan die mens en die skepping onttrek het nie. Dit beteken nie dat Hy net soos die Vader na die voltooiing van die skeppingswerk Hom nie daaraan onttrek het nie, maar voortgegaan het om dit te onderhou en te regeer, so gaan Jesus Christus na die voltooiing van sy verlossingswerk voort om die mens en die skepping vanuit die hemel te regeer as ewige Koning.

Sedert die skepping is daar nog nooit so vinnig geskiedenis gemaak en geskrywe as in ons tyd nie.

DIE TEUELS IS IN SY HANDE.

Dit wat Hy op die aarde in 'n dienskneggestalte begin het, sit Hy uit die hemel voort as ewige Koning. Die teuels van die wêreld is in sy hande. Nie die manne in die *Wituis* of die manne in die *Kremlin* regeer die wêreld nie, maar die ewige Koning — JESUS CHRISTUS. Hy is die een wat die geskiedenis lei en dit ten slotte ook sal voleindig.

Bo die fel onstuimige golwe van die see sit Jesus Christus aan die regterhand van God vanwaar Hy regeer. Doelgerig is Hy besig om alles stap vir stap na die einde toe te voer. Niks in hierdie wêreld kan roer of beweeg sonder sy wil nie. Almal in hierdie wêreld bou bewus of onbewus aan sy Koninkryk.

Bo die fel onstuimige golwe van die see sit Jesus Christus aan die regterhand van God vanwaar Hy regeer.

OM SY DOEL TE BEREIK.

Om sy doel te bereik in hierdie wêreld laat Hy volkere toe om oorlog te maak en vrede te sluit; laat Hy toe dat vorste saam beraadslaag; stuur Hy aardbewings, hongersnood en rampe, terwyl Hy die tyd laat ryp word vir die groot dag, die dag van sy wederkoms wat tegelyk ook die dag van oordeel en gerig sal wees

DIE VRAAG BEANTWOORD.

Die vrae: Wie sit agter alles? Wie regeer die wêreld? — is dus beantwoord. Dit is Jesus Christus! Vanuit die hemel regeer Hy as ewige Koning. Alles en almal is in sy hand. Selfs die grotes van die wêreld kan nie roer of beweeg sonder sy wil nie. Wat 'n heerlike lig skyn daar dan nie oor die skokkende gebeure in die wêreld nie. Daar is geen nood nie! Christus regeer, en Hy is besig om alles na die einde toe te voer.

Die vraag is net: Ken jy Hom? Is Hy ook die Koning van jou hart?

E.J. Smit

Jesus Christus, DIE HOOF van sy Kerk

Ek wil graag die gesprek wat ons begin het, voortsit. Jesus Christus is nie net Koning van die wêreld nie, maar bo alles Koning van sy kerk. Die geskiedenis van die wêreld dien ten slotte niks anders as die geskiedenis van die kerk nie.

WAT IS DIE KERK?

Nie 'n vereniging nie.

Die kerk is nie 'n vereniging nie, want 'n vereniging word deur mense tot stand gebring. By so 'n vereniging kan 'n mens willekeurig aansluit. Dit hang dus van jousef af.

Word deur die Here uitverkies.

Die kerk, daarenteen, word deur die Here self vergader, en die middele waardeur Hy dit doen, is sy Woord (die verkondiging van die Evangelie) en die werking van sy Gees.

Die gelowiges glo.

Op grond van die Bybel glo die gelowiges dat Jesus Christus uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof, van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en tot in ewigheid sal bly (Heidelbergse Kategismus vraag 54).

Sy liggaam.

Die gelowiges is dus sy liggaam, sy kerk wat Hy vergader, beskerm, onderhou en regeer as Hoof. Dit sien op die soewereine mag wat Jesus Christus oor sy kerk het; maar tegelykertyd wys dit ook op die besondere verhouding waarin Hy tot sy kerk staan. Die wêreld lê buite Hom, aan sy voete, terwyl die kerk sy liggaam is. Die kerk is dus onlosmaaklik deel van Hom, omdat Hy die kerk gekoop het met sy bloed.

Die een kan nie sonder die ander nie.

Omdat Hy die hoof is, en die kerk sy liggaam, kan die een nie sonder die ander nie, want wat is 'n hoof sonder 'n liggaam, en wat is 'n liggaam sonder 'n hoof? Die hoof is en bly egter die sentrum van die liggaam. Die hoof gee die opdragte, en die liggaam voer dit uit. Vanuit die hemel, waar Hy sit aan die regterhand van God, gee Hy sy bevele, en dit word op aarde deur sy kerk, sy liggaam, uitgevoer.

HOE GESKIED DIT?

Hoe gee Hy sy bevele en hoe regeer Hy sy kerk? Dit geskied deur sy Gees en sy Woord. Voordat Hy nog opgevaar het na die hemel en gaan sit het aan die regterhand van God, het Hy aan sy kerk belowe dat Hy, wanneer Hy opgevaar het na die hemel, sy Gees na hulle toe sal stuur om tot in ewigheid by hulle te bly. Na sy hemelvaart het Hy sy belofte gestand gedoen, want op Pinksterdag is die Heilige Gees op sy kerk, sy liggaam, uitgestort. En die Gees is ooreenkomstig sy belofte nog altyd by ons.

Die kerk is nie 'n vereniging nie, want 'n vereniging word deur mense tot stand gebring.

WAT DIE HEILIGE GEES DOEN.

Die Heilige Gees vertrou en staan nou sy kerk voortdurend in die stryd teen die satan, die

wêreld en die sonde by. Verder bevestig en pas die Heilige Gees die weldade wat Jesus Christus deur sy lyde en sterwe vir sy kerk verwerf het, toe in hulle lewens. Dit doen Hy deur die verkondiging van die heilige Evangelie en die gebruik van die sakramente. Dié Evangelie waarin belof word dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my persoonlik vergifnis van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk is ter wille van die verdienste van Jesus Christus aan die kruis.

DEUR DIE VERKONDIGING.

Deur die verkondiging van die Evangelie werk en versterk die Heilige Gees hierdie geloof verder in my hart. So regeer Christus dan deur sy Woord en sy Gees sy kerk op aarde, en maak Hy sy verlostes van harte gewillig en bereid om net vir Hom te lewe.

HYSELF IS IN DIE HEMEL.

In die hemel sit Hy ook sy werk wat Hy begin het, voort. Hy verkeer nie as 'n rustende in die hemel na sy voltooide verlossingswerk op aarde nie. In die hemel is Hy 'n voorspraak vir almal wat aan Hom behoort. Hy tree voortdurend vir hulle in by sy Vader wat deur Hom nou ook weer hulle Vader is. Bo alles is Hy besig om vir hulle plek voor te berei in die Vaderhuis.

HY IS DUS AKTIEF BESIG.

Hy is dus aktief besig waar Hy aan die regterhand van God sit.

- Hy regeer die wêreld
- Hy regeer sy kerk en tree vir hulle in by die Vader.
- Hy regeer ook my eie persoonlike lewe.

**Die wêreld lê buite
Hom, aan sy voete,
terwyl die kerk sy
liggaam is.**

Ons lewe dus onder die regerende en bewarende hand van die ewige Koning, Jesus Christus. Dit is die heerlike lig wat elke dag ons lewens bestraal.

**Hy verkeer nie as 'n
rustende in die hemel
na sy voltooide
verlossingswerk op
aarde nie.**

Sê my, bestraal hierdie lig ook jou lewe? Is jy 'n lidmaat van sy kerk, deel van sy liggaam? Onthou, om buite die kerk te staan, beteken om verlore te wees, want buite die kerk is geen saligheid te soek of te vind nie. Die kerk is die liggaam van Jesus Christus. Dit is nog genadetyd, maar die uurglas is besig om leeg te loop. Wanneer Hy weer kom, soos Hy belowe het, dan is die tyd vir goed verby, want dan kom Hy om te oordeel in reg en geregtigheid.

E.J. Smit

Die Wederkoms van Jesus Christus

Ek het in die slotgedeelte van die vorige gesprek verwys na die wederkoms van Jesus Christus, en in die eerste gesprek reeds aangetoon dat ons nou lewe in die tydperk tussen Hemelvaart en Wederkoms. Nou wil ek graag die gesprek verder voer, en ook enkele gedagtes met jou wissel oor die wederkoms van Christus.

WANNEER SAL DIT GESKIED?

Niemand weet presies wanneer dit sal plaasvind nie, behalwe die Vader wat in die hemel is. Van dié dag sê die Bybel egter dat dit sal kom soos 'n dief in die nag, dus onverwags. Dit sal egter deur duidelike tekens voorafgegaan word. In Mattheüs 24 lees ons van die tekens. Jesus sê dit sal voorafgegaan word deur oorloë en gerugte van oorloë en deur aardbewings en hongersnood. Daar sal 'n groot vermeerdering van sonde en ongeregtheid in die wêreld plaasvind. Die liefde sal afkoel en die mens van die sonde sal op die voorgrond staan.

In dié verband preek Jesus die gelykenis van die vyeboom, en sê:

"En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag geword het, en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. So weet julle ook, wanneer julle hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur"

(Matt. 24: 32, 33; II Thess. 2).

DIE AANKONDIGING VAN DIE WEDERKOMS.

Die wederkoms van Jesus Christus sal ook duidelik aangekondig word. Ons lees in die Bybel: "Want die Here self sal van die hemel neerdaal met die geroep, met die stem van 'n aartsengel en die geklank van die basuin van God. Die stem van die engel en die basuin van God sal donderend oor die hele wêreld weerklink. So geweldig sal dit wees, dat *alle* mense tot stilstand gebring sal word en gedwing sal word om op te kyk na die hemel.

**Die liefde sal afkoel
en die mens van die
sonde sal op die
voorggrond staan.**

DAN SAL HULLE HOM SIEN.

**Die stem van die engel en
die basuin van God sal
donderend oor die hele
wêreld weerklink.**

Dan sal elkeen Hom liggaamlik op die wolke van die hemel sien kom. In Openbaringe 1 lees ons: "Kyk, Hy kom op die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteeke het." Elkeen sal Hom sien in sy majesteit en heerlikheid, omring van sy heilige engele (Matt. 24:31;

25:31; 26:27) en die gelowiges wat reeds in die hemel was (I Thess. 3:13; II Thess. 1:10). Dus Hy kom weer net soos Hy opgevaar het (Hand. 1:11), maar daar is tog ook 'n verskil, want Hy kom nie as die liewe Jesus waarmee so baie mense behep is nie, maar as die ewige Regter in majesteit en heerlikheid.

WAT SAL GEBEUR -

Sodra die basuin oor die aarde weerklink saam met die geroep van die aartsengel, sal die grafte oopgaan en die dooies sal almal opstaan en die lewendes sal in 'n oomblik verander word.

"Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink by die laaste basuin, want die basuin sal weerklink en die dode sal onverganklik opgewek word en ons sal verander word" (I Kor. 15:51, 52).

DIT HET VERAL BETREKKING OP DIE DOOIES.

Die geklank van die basuin het dus veral betrekking op die dooies. Dit dring deur tot in die grafte oor al die uithoeke van die wêreld. Die basuin roep die dooies as't ware wakker uit hulle doodslaap.

WIE STAAN EERSTE OP?

Dit is opvallend dat *al* die grafte oopgaan, en *al* die dooies opstaan, maar eerste van almal staan die gelowiges op. Ook die see gee sy dooies en die woestyn syne. Nie 'n enkele mens sal agterbly in die graf nie.

**Eerste van almal staan
die gelowiges op.**

DIE VERSKYNING VOOR DIE REGTERSTOEL.

Tydens die opstanding keer die siel van die mens wat met die dood van die liggaam geskei het, weer terug en word met die opgestane liggaam herenig. Daarna verskyn elke mens voor die *regterstoel* van Jesus Christus waarna die eindoordeel volg. Elkeen sal Hom sien en elkeen sal persoonlik voor Hom verskyn, ja ook *jy* sal voor Hom staan en Hom in die oë moet kyk!

Wat sal hierdie ontmoeting vir jou teweegbring?

E.J. Smit

Die Eindoordeel

Nou bly daar nog net een ding oor waaroor ons nog nie gepraat het nie, en dit is die eindoordeel. En dit raak ons elkeen intiem persoonlik, dus ook vir jou.

WAT NA DIE OPSTANDING GEBEUR.

Die gelowiges.

Die dooies wat opgestaan het uit die graf en wie se siele weer met hulle liggame verenig is, het nou 'n verheerlikte liggaam. Dit is nog dieselfde liggaam, maar tog anders, dit is in 'n verheerlikte vorm.

Die lewendes.

Die lewendes word in 'n oogwink verander. Hulle brose en verganklike liggame verander, net soos die dooies wat opgestaan het, in 'n verheerlikte en onverganklike liggaam. Al die gelowiges, dié wat opgestaan het uit die dood en die lewendes se liggame verander om gelykvormig te word aan die verheerlikte liggaam van Jesus Christus (I Kor. 15: 51, 52).

VERSAMELING VAN DIE GELOWIGES.

Hierna word hulle almal deur die engele versamel uit al die windstreke van die wêreld, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan (Matt. 24: 31). Hulle word geskei van die ongelowiges. En dan verskyn elkeen persoonlik voor die regterstoel van Christus.

**Dan sal die
geskiedenisrolle
afgedraai word en elke
mens sal sy lewe voor
hom sien afspeel.**

DIE ONGELOWIGES.

Net soos in die geval van die gelowiges staan hulle ook almal op uit die dood. Hulle siele word ook weer met hulle liggame verenig. Hier is egter nie sprake van 'n verheerlikte liggaam nie. Dié van hulle wat in die lewe oorgebly het, bly onveranderd. Al wat wel gebeur, is dat hulle ook van verganklikheid verander in onverganklikheid. Net soos hulle is,

verskyn hulle dan ook elkeen voor die regterstoel van Christus.

DIE BOEKE GEOPEN.

Dan sal die boeke geopen word — die boeke van God se alwetendheid en die boeke van die gewete van die mense (Dan. 7:10; 3:16; Openb. 20:11-15).

Dan sal die geskiedenisrolle afgedraai word en elke mens sal sy lewe voor hom sien afspeel. Hy sal elke woord hoor wat uit sy mond uitgegaan het, en elke daad wat hy gedoen het, sal hy voor sy oë sien. Oor elke ding sal hy tot verantwoording geroep word deur die ewige Regter.

VIR DIE GELOWIGES.

Vir die gelowiges sal dit 'n heerlike dag wees, want hulle sal sonder vrees en bewing voor die Regterstoel verskyn.

Want nie net die boeke van God se alwetendheid en die boeke van die gewete sal geopen word nie, maar ook die boek van die lewe. Die boek waarin hulle almal se name

**Die gelowiges sal die ewige
geluksaligheid ingaan,
maar die ongelowiges die
ewige rampsaligheid.**

opgeskrywe staan. Dan sal elke gelowige die onmisbaarheid van Jesus Christus sien wat vir sy sondeskuld betaal het. Op grond van sy verdienste aan die kruis sal elkeen afsonderlik, maar ook almal gesamentlik, vrygespreek word van die strafgerig van God. Dan sal hulle ingaan in die vreugde van hulle Here. Daar sal geen trane, of rou, of siekte, of dood meer wees nie. Hulle sal onder die nuwe hemel en op die nuwe aarde in die nuwe Jerusalem altyd by die Here wees. Hulle sal Hom ewig loof en prys.

DIE ONGELOWIGE.

Vir die ongelowige sal dit 'n verskriklike oomblik wees. In sy naaktheid sal hy voor die ewige Regter staan en daar sal niemand wees om vir Hom in te tree nie. Persoonlik sal hy verantwoording moet doen van elke woord en daad. Vreeslik sal dit vir hom wees om te val in die hand van die lewende God wat hy gehoon en bespot het. Hulle sal elkeen die verskriklike oordeel moet aanhoor: "...neem hom weg en werp hom in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande" (Matt. 22:13). Elkeen sal self moet betaal vir sy skuld en sonde.

Waar die gelowiges die ewige geluksaligheid ingaan, gaan die ongelowiges die ewige rampsaligheid in. Waar die gelowige die ewige lewe ontvang, ontvang die ongelowige die ewige dood.

Saam met die duiwel en sy engele word hulle dan ook deur die engele van God in die poel van vuur gewerp wat vir hulle berei is, daar waar die wurm nie sterf en die vuur nie geblus word nie.

Wat sal dit vir jou wees? Ewige geluksaligheid of ewige rampsaligheid?

Dit hang van die feit of jy in Jesus Christus glo of nie.

E.J. Smit

Die TEKENS van die TYE

Die mens kyk voortdurend na sekere tekens wat aandui dat spesifieke tye of omstandighede gekom het, of naby is. Wanneer die blare vergeel en dwarrelend afval, is dit herfs, en dan is die winter met sy koue naby... Wanneer die eens lenige liggaam styf en stram raak en die hare 'n silwer kleur vertoon — dan het die ouderdom aan die deur geklop.

DIE KOMS VAN DIE OORDEELSDAG.

Net so sal die koms van die oordeelsdag deur sekere tekens voorafgegaan word. Wie met die geloofsoog kyk en met die geloofsoor luister, sal hierdie dinge sien en hoor en gewaarsku wees. Hulle sal opnuut die wekroep van Johannes die Doper beluister: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom" (Matt. 3: 2).

Wanneer die Here Jesus self die koms van die hemelse Regter voorspel, lees ons in Lukas 21:29: "Toe vertel Hy hulle 'n gelykenis: Let op die vyeboom en die ander bome. Net soos hulle bot, weet julle vanself, as julle dit sien, dat die somer al naby is. So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur."

Dan is dit die tyd van rekenskap gee en van oordeel!

Salig is die mens wat in daardie dag kan skuil in die soenverdienste van Jesus Christus, wie se skuld deur Hom betaal is. Dit is elkeen wat waarlik in Hom glo en wat Hom waarlik liefhet. Sonder Christus geld die woord: Dit is vreeslik om te val in die hande van die lewende God!

"Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom!"

NA WATTER TEKENS MOET GEKYK WORD?

Wil jy weet wat is die tekens waarna jy moet kyk sodat hierdie waarskuwing vir jou werklike betekenis kan kry; sodat jy kan besef dat hierdie nie maar 'n getas in die lug is nie? Miskien kan ek dit die duidelikste stel in die waarskuwingswoorde van Paulus aan die jongman Timotheüs (II Tim. 3:1-5):

God gee nie aan ons die dag en datum van die oordeelsdag nie.

"Dit moet jy weet: In die laaste dae sal daar swaar tye kom. Die mens sal selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig en verwaand, beledigend teenoor hulle medemense en ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar en ongodsdienstig; hulle sal liefdeloos en onversoenlik wees, kwaadpraters en

bandeloos en wreed, sonder liefde vir die goeie; hulle sal verraaiers wees, roekeloos en hooghartig. Hulle sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God. Hulle sal nog die uiterlike skyn van die godsdienste hê, maar die krag van die godsdienste sal hulle nie ken nie."

TWEE GEDAGTES.

Ons kan die uitstaande kenmerke van die mense van die laaste dae saamvat in twee gedagtes:

Eerstens is daar die misplaasde liefde.

In plaas van liefde teenoor God wat hulle geskep het, en nog altyd vir hulle sorg, het hierdie mense net hulleself, geld en plesier lief.

Hulle liefde is aards gerig!

Tweedens staan hulle hele lewe in die teken van die woordjie "on-".

Luister maar: "Ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, ongodsdienstig, onversoenlik..." Hulle keer dus alle goeie en ordelike norme om en vertrap dit met minagting. Hulle lewe 'n ordelose en chaotiese bestaan tegemoet.

SIEN JY DIE PRENTJIE?

Sien jy die prentjie van die jaar 1981 en vorentoe?

Sien jy die tekening van die tyd waarin jy leef?

God gee nie aan ons die dag en datum van die oordeelsdag nie, maar in sy groot liefde gee Hy aan ons die tekens van die tye. Daarom moet u en ek werklik erns maak met hierdie saak. Daar klink 'n baie duidelike wekroep ook uit hierdie stukkie wat jy so pas gelees het:

"Bekeer jou, want die koninkryk van die hemele het naby gekom."

A. Myburg